Verwysing: 20161103-5826
12/12/41/1
Navrae: LR Abrahams

Omsendbrief: 0047/2016
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare skole

Kort opsomming: *Om skole in te lig oor 'n basiese funksie op SOBIS om oor die herwinning van handboeke te rapporteer.*

Onderwerp: Basiese handboekherwinningsverslag – SOBIS

1. 'n Groot deel van norme-en-standaarde-befondsing word jaarliks gebruik om leerders in alle grade van handboeke te voorsien.

2. Prinsipale, onderwysers, leerders en ouers is verplig om na hierdie boeke om te sien en hierdie boeke te herwin sodat dit oor 'n tydperk van 3 tot 4 jaar gebruik kan word.

3. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement is verplig om jaarliks 'n verslag oor die herwinning van handboeke aan die Departement van Basiese Onderwys voor te lê en om vir ouditdoeleindes rekord te hou.

4. 'n Baie basiese verslag is op SOBIS geskep sodat skole kan aandui hoeveel handboeke aan leerders uitgereik en hoeveel per graad herwin is.

5. Skole word versoek om die verslag tussen 18 November 2016 en 08 Desember 2016 op SOBIS te voltooi en af te teken.

6. Om toegang tot die vasleggingskerm op SOBIS te verkry, gaan na:
   - die ***"Administration"*** oortjie; en
   - kies ***"Textbook Retrievals"*** in die aftreklys en voltooi.

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
tel: +27 21 467 2000 faks: +27 21 4672633
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensneming- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: L ELY
WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2016-11-17